# Eksegetiese en homiletiese oorwegings vir 'n dooppreek

C J A Vos
(Universiteit van Pretoria)

**ABSTRACT**

**Exegetical and homeletic considerations for a baptismal sermon**

*This contribution pays attention to exegetical and homeletic considerations for a baptismal sermon. The contribution is dedicated with much appreciation, to Prof Wil Vosloo.*

## 1 'N EKSEGETIESE VERKENNING

### 1.1 Jesaja 43:1-7

Jesaja 43:1-7 vorm 'n tekstuele eenheid. Dit vorm deel van die heilsorakel (vgl Jes 41:8-13, 14-16; Westermann 1981:95). Die volgende opbou kom voor (Beuken 1979:160-161):

1a bodeformule: verhouding van spreker tot aangesprokene.
1b-2 eerste toesegging van heil.
  1b "moenie bang wees nie"; die Here se handelinge.
  2 gevolge.
3-4 tweede toesegging van heil.
  3a die Here se teenwooordigheid en betekenis vir Israel.
  3b die Here se handelinge.
  4a Israel se betekenis vir die Here.
  4b die Here se handelinge.
5-6 derde toesegging van heil.
  5a "moenie bang wees nie"; die Here se teenwoordigheid.
  5b-6 die Here se handelinge.
7 doel.

**Vers 1**

"Maar nou..." in teenstelling met Jesaja 42:18-25, het 'n nuwe uur aangebreek. Die klokke van heil lui 'n nuwe tydvak in (Westermann 1981:95; Elliger 1978:292). Dit word ook gebruik om die bodeformule in te lui. "Jakob/Israel" verwys na die voorafgaande vermaning (Jes 42:24). Die bodeformule word uitgebrei om met participia wat die verhouding tussen die Here en die aangesprokene vermeld en die argument van die volgende betoog bevat (Beuken 1979:161). Jesaja 43:1-7 bestaan uit twee dele: verse 1-4 en 5-7, wat parallel opgebou is.

'n Nuwe tema tree na vore. Die Here is die Skepper van Jakob. Die werkwoord vir "skep" wat hier gebruik word, wys op iets onvergelykbaars wat gemaak word (Jes 40:26; Beuken 1979:162). Die Here het Israel ook gevorm. Dié werkwoord verwys na die vorm wat 'n pottebakker aan 'n voorwerp gee. Die "skep" van Jakob het betrekking op die uittog terwyl die "vorm" van Israel daarop dui dat die Here aan sy volk 'n konkrete vorm gee (Beuken 1979:162).

Die persoonlike toon in die gedeelte is opvallend. Hierdie persoonlike verhouding van die Here met sy volk kom reeds in die tyd van die aartsvaders voor (Gen 15:1). "Moenie bang wees nie", is 'n persoonlike woord wat in die donker van die nood insny. Die eerste rede hiervoor is dat "Ek jou verlos het". Die begrip "losser" kom uit die familiereg waar 'n bloedverwant 'n skuldvervalle familielid loskoop (Westermann 1981:96; Motyer 1999:267). Die tweede rede waarom Israel nie moet bang wees nie, is omdat "Ek jou op jou naam geroep het". Dit gaan hier om 'n aanspraak wat op 'n innige verhouding gegrond is.

"Jy is Myne" (1b; 3a; 5a). Hierdie woorde is geyk. Dit werk bevestigend en gee sekerheid. Ons het hier met regstaal te doen wat eiendomsbesit aandui. Die formule "Ek is by jou" kom veral in die Josefverhale voor. Dit dui daarop dat die Here van 'n bepaalde gebied is. As sy volk daardie gebied betree, sal Hy hulle beskerm (Westermann 1981:96-97).

**Vers 2**

Die orakel waarmee Jesaja 43 begin, voorsien die bevryding van Jakob/Israel deur God. Die profeet maak van uittogbeelde gebruik: die water wat nie oorstroom nie en die vuur wat nie skroei nie (Jes 43:2; Westermann 1981:97). Die vuur wat nie skroei nie, is 'n toespeling op Jesaja 1:25. "Water" kan ook verwys na beeldspraak wat uit die klaagsange deurklink (Pss 18:5; 69:2vv). By "vuur" kan 'n mens dink aan die voorval by Tabera (Num 11:1-3; Beuken 1979:163). Dit is egter meer waarskynlik dat dit hier om 'n stylfiguur gaan waarin teenoorgestelde sake die totaliteit uitdruk (merisme, vgl Ps 66:12; Beuken 1979:163). God belowe beskerming te midde van die talle onberekenbare gevare van die nuwe uittog (Elliger 1978:295).

**Verse 3-4**

Die tweede toesegging van heil het betrekking op 'n daad van redding wat feitelik vóór die woestyntog lê: God betaal vir Israel die prys van Egipte, Kus en Seba. Hy ruil mense en nasies vir sy volk (4b). "Losprys" is 'n woord uit die burgerlike reg, 'n skadeloosstelling teenoor 'n vreemde eiser (vgl Eks 21:30; Num 35:31vv; Ps 49:8; Motyer 1999:268). God se titels druk sy verhouding tot sy volk uit: "jou God", "die heilige van Israel" en "jou Redder". "Die heilige" is die Een wat werklik God is en onbeperkte mag het om sy wil in die wêreld te doen (Elliger 1978:295). Met die laaste titel "Redder" (vgl Jes 43:11; 45:15, 21; 47:15; 49:26) word 'n nuwe begrip vir

God se heilswerk ingelui (Beuken 1979:163-164). Hierdie woord kom ook in die Psalms voor. Dit staan in die semantiese veld van "help" en "ontruk". God se beheer oor die geskiedenis en sy vermoë om redding te bring, word met dié woord aangedui (Jes 43:11vv; 45:21vv; 46:7; 47:13, 15; 49:25vv; Westermann 1981:97; Beuken 1979:164). Die Redder van Israel is die Here van die volke. Hy is in staat om Israel uit die ballingskap te bevry. Die Here is vrymagtig om in die geskiedenis van die maghebbers in te gryp.

Tussen twee sinne wat God se ingryping in die wêreldgeskiedenis beskryf, staan die verklarende sin: "Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, ...". Met hierdie uitdrukking word God se verkiesing as genade- en liefdesdaad beskryf. God gee sy guns aan 'n onbeduidende, geringe, waardelose en ontwortelde mense. Die unieke waarde van Israel lê nie in sy objektiewe eienskappe nie, maar in God se waardetoesegging. Israel se waarde bestaan nie in homself nie, maar in God se oë (Elliger 1978:298).

**Vers 5-7**

Die tweede deel is in sy opbou en uitsprake parallel aan die eerste deel, al is dit korter. In die aankondiging word die terugkeer van die ballinge belowe. Die werk van die Skepper en die Here van die geskiedenis vloei ineen (Westermann 1981:97). God se heerskappy strek oor die vier windrigtings van die aarde uit om Israel daadwerklik te herstel (Beuken 1979:165). God sal Israel tuis bring. Sy gesagvolle woord is genoeg om die wêreldmagte te dwing om hulle onregmatige heerskappy oor die ballinge prys te gee.

In vers 7 kom die doel van die verlossingswerk aan die lig: "tot my eer". In die begin van die gedeelte is Israel aan die Skepper herinner. Hier wys die profeet op Israel se geskapenheid: "tot my eer". "Tot my eer" dui op God se heerlikheid wat sy volk moet uitstraal. Die heilstoesegging in die begin is met die woorde "Ek het jou op jou naam geroep" begrond. Wie God se Naam dra, is bestem om sy heerlikheid (eer) uit te straal. Daar is 'n wesenlike verband tussen die naam wat iemand dra (vgl Jes 42:8) en sy uitstraling na buite, sy heerlikheid (Jes 40:5). Hier word die Here se heildade in omvattende sin verklaar aan almal wat "na my Naam genoem word". Die gedeelte sluit met 'n **inclusio** af: "elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het" (vgl 1: "... wat jou geskep het, ... wat jou gevorm het, ...").

## 1.2 Jesaja 49:14-16

In hierdie klaaglied beskuldig Israel God van regsversuim. Hy het Sion (sy uitverkore woonplek; die plek waar sy uitverkorenes vergader) verlaat en vergeet (Westermann 1981:177). Vers 15 bring Jesaja 40:26 in herinnering. Die liefde van 'n moeder vir haar kind gee 'n aangrypende beeld van die Here se liefde vir sy volk. Hoe kan Hy ooit sy volk vergeet?

## 2 'N HOMILETIESE BRUG

In 'n preek word die teks uit die ballingskap in 'n nuwe konteks vertolk. Dit vra dat 'n brug gebou moet word waaroor die ou teks in 'n nuwe omgewing kan loop en mense kan aanraak. Met die oog hierop moet die homileet erns maak met die teks in sy konteks, maar ook met die preekteks in sy eietydse omgewing. 'n Dooppreek vra dat die sin en betekenis van die doop konkreet toegelig moet word. Dit vra ook dat die Nuwe Testament as interteks gerespekteer sal word.

## 3 'N DOOPPREEK

### 3.1 Skriflesing: Jesaja 43:1-7; 49:14-16

### 3.2 Preek

Elke ma weet hoe om 'n babatjie in droomland te kry. Sing 'n wiegeliedjie.

"Slaap, my kindjie, slaap sag,
die rose hou oor jou wag"

Jesaja 43 laat 'n mens nogal aan 'n wiegelied dink. Die ooreenkomste is merkwaardig: die troos wat soos asem oor 'n wiegie hang; die afwesigheid van verwyte of vermanings; en dan die refrein: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou" (Jes 43:1, 5). Dit is die troos van alle wiegeliedjies: "Moenie bang wees nie, Mamma is hier by jou".

'n Wiegeliedjie is 'n slaapmiddel en 'n troosfopspeen vir 'n baba. Maar grootmense word nie deur wiegeliedjies aan die slaap gesus nie. 'n Mens kan dit eintlik nie bekostig om jou oë toe te maak nie. Daarvoor is daar net te veel diefstal, moord, beledigings, wantroue en boosheid. Die profeet ontken nie die werklikheid nie. Hy kan dit nie doen nie. Want sy hoorders sit en sug in ballingskap. Hulle is omring met water en vuur (Jes 43:2). Dit is beelde van lewensgevaar, en ook van oordeel (Jes 42:25). Hulle word bedreig en geteister deur armoede, verdriet, wanhoop. In een sin: hulle leef sonder uitsig. God het uit hulle lewe gestap. Dit voel asof God sy rug op hulle gedraai het. Hy is afwesig en ver. Onbereikbaar ver. En boonop verdien hulle God se oordeel dubbel en dwars.

Maar juis te midde van hierdie lewensgevoel, wys die profeet met sy vinger na God. "Kyk, daar is Hy. Kyk net wat Hy alles gedoen het!" Kom, ons kyk saam. Soos in 'n prenteboek.

Kyk na uself. U is God se skepsel. Hy het u uit niks geskep (Jes 43:1,7). Hy het u ook gevorm (Jes 43:1). Soos 'n pottebakker 'n pot uit klei maak, het Hy u gevorm. Kyk na 'n babatjie, en verwonder u oor die Here se skepsel. As 'n mens 'n baba in dié lig sien, sien jy die Here se grootheid raak. Soms is 'n baba 'n menslike berekeningsfout. Maar van God se kant gesien, is 'n baba nie toevallig nie. Hierdie kind is Sy skepsel, Sy maaksel. En hoe wonderlik het die Here ons nie gemaak nie!

saamgestel ontstellend
uit triljoene klein
trillende mirakeltjies:
instrument met fynstelling
waarin die werking kwellend
verwikkeld tik,
opwektoestel vir geluk
en skril pyn,
'n maaksel sierlik, knap,
breekbaarder as 'n spinnerak
(Ina Rousseau)

Die mens is só weerloos en broos. Om dit saam met Eveleen Castelyn in haar pragtige gedig te sê:

die lewe het met ons gespeel en afgereken
nou slaap ons vol gate toegewerk en gesigte geteken
met dowwe lyne verslete monde en gekraakte oë,
soos geliefde ou lappoppe onder 'n uitgerafelde deken

Maar die mens wat die Here gemaak het, dra die smet en die las van sonde. Ons is in murg en been sondaars. Daarom het die Here sy gevalle maaksel en skepsel kom **verlos** (Jes 43:1). Die woord "verlos" kom uit die familiereg. Die familie was letterlik verplig om 'n verarmde familielid te help. Toe ons deur ons eie toedoen in skuld geval en verarm het, het God se Seun uit genade ons bloedfamilie geword. Die doop vertel van dié verlossing en die prys wat die Here moes betaal. Jesus Christus moes eerstens **mens word**. God se Visarendjie het in ons benoude vlees geval. Hy het vlees van ons vlees en bloed van ons bloed geword. Hy het ons familie, ons bloedverwant geword. Om ons vry te kry van ons skuld, het Hy ons skuld op Hom geneem. Hy het Hom aan ons skuld oorgegee. Hy is skuldig verklaar. Doodskuldig. En dit alles om ons vry te kry. Dit sien ons in die doop. Hierdie water is 'n teken, 'n heenwysing dat Hy ons bloedverwant geword het. Dat Hy sy lewe gegee het om ons uit ons skuld te haal. Natuurlik beteken dit nie dat die verlossing deur die doop plaasvind nie. Maar die doop is 'n appél aan ons as gedooptes: glo dat Jesus Christus jou **Losser** is. Glo dat Hy jou vrygekoop het. Dit is die boodskap wat elke doopouer aan sy en haar gedoopte kind moet bly vertel. Jou heil, jou redding is in Jesus Christus en hiervan is die doop 'n sigbare voorstelling.

Ons hoor uit die profeet se mond wat die Here alles gedoen het. Hy het ons geskep en gevorm. Hy het ons deur sy Seun verlos. En nou roep Hy u op u naam (Jes 43:1). In die Ou Testament het 'n naam betekenis, wesensbetekenis gehad. Dink aan Abraham, Isak en Jakob. Jou naam is jyself. Dit is jou

wese. Jou naam sê wie jy is. Dit is jou identiteit. Ons is almal trots op ons naam. Dit is die een ding wat ons nie graag wil doen nie: en dit is om ons naam deur die modder te sleep. Dit is nie net jou naam wat vuil word nie, maar dit is jy. Die doop is 'n naamgebeure. En wel op twee maniere. Eers **roep God sy Naam oor die dopeling uit**. "Jy word gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees". Doop beteken dat die Here sy Naam oor die dopeling uitroep. Dit wil sê dat die gedoopte God se Naam op sy of haar voorkop dra. Ons moet só dink, praat en doen dat almal kan sien dat ons aan die Here behoort. Dat ons 'n naamdraer van die Here is. In die lewe van elke gedoopte moet dit om die Naam, die eer van die Here gaan. In die doop roep die Here sy Naam oor ons uit. Maar tweedens **roep Hy ons ook op die naam** (Jes 43:1). Jesus Christus het ons kom verlos. Daarom is elkeen wat in Hom glo, nie meer 'n vreemdeling vir God nie, maar sy kind. Hy ken en behandel ons as sy kinders. Want ons is Syne. Die profeet sê dit vir ons in 'n beeld dat ons dit kan sien. Die Here **graveer ons naam in sy handpalms** (Jes 49:16). Die eienaar se naam is destyds op slawe se handpalms ingebrand. Almal kon sien en het geweet: hierdie slaaf behoort aan sy eienaar. Net so is u naam in die Here se handpalms gegraveer. 'n Gedoopte het net een Heer en Meester. Ons het té veel base: die god ekonomie, die god politiek, die god welvaart, die god genot. En ons weet hierdie gode bring ons nêrens nie. Net in ellendestraat. Die Here sal ons nie vergeet nie, maar ons moet ook nie vergeet nie dat ons naam deur die doop in sy handpalms gegraveer is. Ons moet só leef dat almal elke dag kan sien: hierdie seun, hierdie dogter, hierdie man, hierdie vrou behoort aan die Here.

Die Here roep ons op die naam. Want ons is vir Hom **kosbaar** (Jes 43:4). **Ek ag jou hoog en Ek het jou lief** (Jes 43:4). Met hierdie woorde gee die profeet te kenne dat die Here 'n geringe, onbeduidende volkie wat onder die groot magtige volke buig, bo hulle almal uitkies. God werk nie met verdienste nie, maar met genade. Vir ons druk al hierdie woorde 'n besondere verhouding uit. Toegeneentheid. Nabyheid. Om dit met 'n beeld te sê: jy is My oogappel. Al het ons die Here in die skande gesteek en sy Naam beswadder, is ons nogtans vir Hom kosbaar. Al het ons in die diepste modder geval, ag Hy ons nog hoog. Al het ons die Here se vyand geword, het Hy ons nog lief. Dis om die minste te sê onlogies en ongelooflik. As u wonder of dit waar is, kyk dan na die doop. Die doop sê: die dopeling is vir die Here kosbaar; Hy ag hom/haar hoog en Hy het hom/haar lief. Vir hierdie liefde het daar bloed geloop, die bloed van God se Seun.

Die Here gee aan sy moedelose volk in ballingskap 'n belofte: **Ek is by jou** (Jes 43:2, 5). Soos 'n wiegeliedjie: mamma is by jou. Die belofte van die Here se teenwoordigheid as die volk deur die water en deur die vuur moet gaan, het aan hulle moed gegee. Die doop is God se belofte: Ek is by jou. Jesus Christus het vir ons deur water en vuur gegaan. Hy is deur die gevaar, deur die oordeel. Daarom is God in ons krisisse en beproewinge by ons.

Waar ouers nie kan bykom nie, is Hy. Oral en altyd. In u siekte, kommer, twyfel, ouderdom, ja, tot in die dood is Hy by ons.

Wat vra die Here van ons? "**Moenie bang wees nie**" (Jes 43:1,5). Vertrou u kind aan die Here toe. Vertrou Hom. Hou aan Hom vas omdat Hy u vashou.

Moenie bang wees nie,
al kniel die nag neer
om donker drome te baar.

Moenie bang wees nie,
al is die aarde in duister
asof in die dood se skoot,
al sluit die nag vrees
in jou oogsakke toe.

Moenie bang wees nie,
die son se vlerke is jou skaduwee
(Cas Vos)

Kom ons sing hier 'n wiegelied. 'n Dooplied
"Slaap my kindjie. Slaap gerus.
Die Here sal oor jou waghou.
Moenie bang wees nie.
Jy is sy skepsel, sy maaksel.
Jesus Christus het mens geword
om jou van jou skuld te verlos.
Die Here ken jou deur en deur.
Hy roep jou op jou naam.
Jy is Syne: jou naam is op sy handpalms gegraveer.
Jy is vir Hom kosbaar,
Hy ag jou hoog,
Hy het jou lief.
Die Here is by jou - as jou vrag swaar druk,
as die pyn gloei en vlam,
as skaduwees jou pad vlek.
Moenie bang wees nie.
Slaap my kindjie. Slaap gerus".

## 4 AFSLUITING

Hierdie bydrae word met hoë waardering opgedra aan professor Wil Vosloo. Van 1967- 1970 was ons klas- en eksamenmaats, en vanaf 1989-1998 kollegas by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Ek het hoë agting vir professor Vosloo as lojale mens en knap Ou Testamentikus. Sy teologie was nog altyd 'n teologie in diens van die Kerk en die koninkryk van God. Daarom was die Ou Testament vir hom steeds 'n bron vir die prediking. Hy het dan ook met groot bekwaamheid oortreffend uit die Ou Testament gepreek. In die lig hiervan word die bydrae as preek aan professor Vosloo opgedra.

## Literatuurverwysings


Beuken, W A M 1979. *Jesaja deel 11A*. Callenbach: Nijkerk (POT).

Elliger, K 1978 *Deuterojesaja*. Neukirchener Verlag: Neukirchen-Vluyn (BKAT).

Motyer, A 1999. *Isaiah*. Leicester: Intervarsity Press.

Westermann, C 1981. *Das Buch Jesaja. Kapitel 40-66*, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.